# WYSHEID_ 5

**Eségiël 47:12**

Tema: **BOME BY WATERSTROME**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

**NOTA: Ten einde die reeks te volg, word u aangeraai om die studie vanaf Deel 1 en die daaropvolgende lesings te bestudeer.**

-o0o-

## SKRIF VERWYSINGS VAN HIERDIE OORDENKING: ESÉGIËL 47:12

**Eseg. 47:12 En by die stroom sal aan altwee kante allerhande bome groei om van te eet, waarvan die blare nie sal verdor en die vrugte nie sal opraak nie; elke maand sal hulle nuwe vrugte dra; want die waters waar hulle aan staan—uit die heiligdom stroom hulle; en hulle vrugte sal wees om te eet en hulle blare om te genees.**

**Spreuke 9:1 Die Wysheid het haar huis gebou, haar sewe pilare uitgekap,**

**Esra 7:14 omdat jy vanweë die koning en sy sewe raadsmanne gestuur is om oor Juda en in Jerusalem ondersoek te doen volgens die wet van jou God wat in jou hand is,**

**Ps 1:3 En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.**

-o0o-

### TRANSFORMASIE

Die resultaat van die opbouing, transformasie en die hele raadsplan van God, gelei deur die Heilige Gees en spesifiek in hierdie laaste dae, deur die Gees van Wysheid, is weer Psalm 1. So word ons gehelp om deel te wees van hierdie strome van lewende water.

Die lewende water vloei uit die huis
- skep lewe,
- kan visse inbring en
- kan die waters, wat ongesond en dood is, gesond maak.

**Eseg. 47:12 En by die stroom sal aan altwee kante allerhande bome groei om van te eet, waarvan die blare nie sal verdor en die vrugte nie sal opraak nie; elke maand sal hulle nuwe vrugte dra; want die waters waar hulle aan staan—uit die heiligdom stroom hulle; en hulle vrugte sal wees om te eet en hulle blare om te genees.**

Die manna, die Woord van God, wat in my en jou lewe gesaai is, moet opgroei en vrug dra. Die vrug verheerlik die Vader. Die saad word in ons lewe gesaai, sodat ons 'n keuse kan maak. Ons kies om die saad aan te neem, of om dit te verwerp.

### VERSORGING

Daar sal aan al ons behoeftes voldoen word want ***allerhande bome groei om van te eet***. In die evangelie, in die liggaam van Christus Jesus, is daar geen tekort nie. Die Vader het alles uit die hemel, wat op die aarde nodig was, geïmplementeer in die Woord. Ons het geen ander geskrifte of enige iets anders nodig nie. Ons het net die Woord en die Heilige Gees nodig om dit in ons lewe te vestig.
- Ons kan 'n lewende beeld van die Woord word.
- Ons kan deel van Sy Liggaam word.

-o0o-

- Ons kan deel van hierdie bome word en
- Daar sal in alle nood voorsien word.

Ons hoef nie bekommerd te wees nie, want daar is allerhande bome ***waarvan die blare nie sal verdor en die vrugte nie sal opraak nie***. Lees maar die Psalms oor en oor, dan sal jy sien dat die storms maar kan kom.

- Geen onheil sal ons tref nie. (**Ps 91:10** Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie)

Lees ook Psalm 23

**Ps 23:4 Al gaan ek ook in ‘n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.**

As die Here jou herder is, dan **is** Hy **jou Herder** en Hy sal vir jou sorg. Ja, Hy sal toelaat dat ons deur beproewinge en toetse gaan.

- Dit is alles om ons sterker te maak,
- om ons wortels in Hom te vestig,
- om meer op Hom te vertrou,
- om meer in die vlees te sterf en
- meer in Hom te lewe.

Geen kwaad sal julle kant toe kom nie. Julle hoef nie bekommerd te wees oor droogte, siekte, peste of kwale nie. Deut. 28 sal in jul lewe funksioneer. Julle hoef nie eers daarvoor te vra nie, want dit is klaar geskrywe. Julle moet dit net hier lewe gee.

Kan julle besef dat ***die blare nie sal verdor en die vrugte nie sal opraak nie***? Geen blaar sal eers verlep nie, so goed sal God na ons kyk.

- Ons moet net die regte pad loop, soos Hy in Sy Woord geskrywe het en
- nie die pad loop, wat ons dink ons moet loop nie.

**VRUG**

Wat so wonderlik is, dat ***elke maand sal hulle nuwe vrugte dra***. Dit is vir my altyd so verstommend hoe die Here die Woord vir my oopbreek. Soms dink ek dat ek oor iets wil praat, dan gee die Here net weer vir my iets anders. Dit is nie dagstukkies nie, maar manna. **Dit is vrug**.

Hy gee vrug van die Gees wat uit die liggaam van Christus Jesus tot voeding gaan. Dit gaan tot voeding van die volke en die nasies. Dit word ‘n bousteen in ons lewe, om in ons lewe weer iets te bou wat die Here reeds vir ons gegee het en om dit vas te sement. Hy gee vir ons daardie vrugte en daardie vrugte sal nooit opraak nie, want ons is deel van Sy Koninkryk. Die Koninkryk van God het geen einde nie.

Hulle sal nie ou vrugte dra nie, want ***elke maand sal hulle nuwe vrugte dra***. Dit is waarom ek sê, dat die Woord van God altyd iets nuuts het vir my.

- Die Woord van God lewe.
- Dit het altyd ‘n nuwe klank en ‘n nuwe beginsel.

Mense wat die mentaliteit het dat hulle reeds ‘n kursus gedoen het en daarom dit nie weer hoef te doen nie, is aards gefokus. Dit is nie waaroor dit gaan nie, want die Woord lewe. Elke stelling kan met soveel openbaringe gegee word, want dit is lewe. Die vrugte daarvan kan nie opraak nie. Tot in alle ewigheid sal ons eet van die Woord en ons sal nooit versadig word nie. Daar sal altyd ‘n behoefte in ‘n mens se liggaam wees, totdat ons volmaak is. As ek dit nou reg gestel het.

Die rede waarom hierdie bome so suksesvol is, is omdat ***die waters waar hulle aan staan — uit die heiligdom stroom***. Dit is waarom die blare nie verdor nie. Dit is waarom die bome so standvastig is, gesond kan wees en waarom hulle bome van God kan wees.

- Hierdie verbintenis kanaal kom eintlik van God af, uit die hemel.

-o0o-

- Dit kom vandag nog steeds uit die hemel.

Vandag nog kom dit, wat God die Vader vir jou en my gegee het, uit die hemel. Hy het hierdie lewe geskep uit die Heiligdom, uit Sy Troonkamer. Hy het hierdie kanaal oopgemaak, sodat ek en jy die voordeel daaruit kan trek, bymekaar, maar ook vir onsself. As al hierdie dinge tot vervulling gekom het, is die uiteindelike resultaat dat ***hulle vrugte sal wees om te eet***.

Dit wat uit 'n mens se lewe kom, my broer en suster, moet aangenaam wees en nie 'n hindernis nie. Dit moet 'n vrug wees. Ek moet kan sê dat ek die vrug van jou lewe, geniet! Ek moet kan sê dat ek saam met jou aan die tafel kan sit en die Vader verheerlik, want jou lewe verryk my, behaag my en beïnvloed my lewe. Ek moet kan sê dat jy my opbou en dat ek 'n pad saam met jou kan loop. Dit is so jammer, dat so min mense regtig paaie saam met 'n mens wil loop en regtig deur die Gees van God gelei word.

**GENESING**

Die ***blare om te genees*** is die **hande.**

- Genesing sal deur ons hande, wat ons op mense lê, plaasvind.
- Die vrug sal deur ons mond en deur ons lewe plaasvind.

So kan mense deel wees van hierdie gesonde, opbouende en lewende Koninkryk van God hier op aarde.

-o0o-

*Die Here het weer vir my 'n woord gegee wat ek net by hierdie laaste les moet sit.*

Kyk baie mooi wat sê Spreuke 9: 1

**Spreuke 9:1 Die Wysheid het haar huis gebou, haar sewe pilare uitgekap,**

Die Gees van Wysheid sal in hierdie dae die Bruid, Rut, onderrig, raad gee en help. Die Gees van Wysheid sal in hierdie dae die huis bou volgens Spreuke 9. Die Bruid van Christus Jesus word gebou op daardie sewe pilare. **Die sewe pilare is die sewe Geeste van God.**

- Daardie huis wat Wysheid gebou het is ons, die tempel van die Heilige Gees.

As ons nou weer teruggaan na Esra 7, dan sien ons dat daar ook gepraat word van die sewe raadsmanne, soos ek vantevore gesê het.

**Esra 7:14 omdat jy vanweë die koning en sy sewe raadsmanne gestuur is om oor Juda en in Jerusalem ondersoek te doen volgens die wet van jou God wat in jou hand is,**

- Die tempel van die Heilige Gees word gebou op die sewe raadsmanne van Esra en op die sewe pilare van wat God daar gestel het.

**Die sewe raadsmanne is die sewe Geeste van God**. Dit is ook 'n verwysing na die heilige voorwerpe in die tempel (Jesaja 52:11). Hierdie heilige voorwerpe simboliseer die Geeste van God.

Ek en jy is nie heilig nie. Ons word alleenlik heilig genoem, as gevolg van dit wat in ons woon en nie dit wat ons hier doen nie.

- Dit is Hy wat in ons woon, wat heilig is.
- Dit is Hy wat ons heilig, skoon en rein maak en ons so hou.

Onthou, as ek en jy liggaam van Christus is, is die Koninkryk van die hemele, wat in Christus Jesus aarde toe gekom het, in my en jou lewe gevestig. Ek en jy is die **boustene** van die Koninkryk van die Hemele, wat nou die Koninkryk van God hier op aarde geword het, om dit hier op aarde te vestig. Ons kan nou uitgaan en dissipels maak van alle nasies en hulle alles leer wat Christus vir ons geleer het om te onderhou (Mat 28:19).

- Dit is my en jou keuse.

-o0o-

Ons moet een ding baie mooi verstaan. Alles is klaar geskryf. Dit is die alfa en die omega. God het ons nie nodig nie. Hy gee net vir ons die geleentheid om betrokke te raak, sodat die Gees van God, deur ons, hier op aarde kan doen wat Hy beplan het om te doen. Julle moet hierdie beginsel baie mooi verstaan mense.

- Ons moet bereid wees om 'n **kanaal** vir Hom te wees, waardeur Hy kan funksioneer en werk, om hierdie evangelie verder te dra.

So kan daar dan verder en verder grondgebied terug gewen word en siele vir die Here ingewin word.

- Eers dan is die Heilige Gees suksesvol, deur ons.

Dit is nie regtig ek en jy wat suksesvol is nie. Dit is Hy wat suksesvol is, deur ons. Hy het 'n liggaam nodig want Hy is Gees. Niemand kan verbind met gees nie. Dit is net hy wat Gees is, wat kan verbind met gees en nie die liggaam nie. Dit is waarom God in die aand windjie met die mens kon gewandel het, soos ek in die begin gesê het (Gen 3:8). Toe hulle nog gees mense was en toe hulle nog verheerlikte liggame gehad het, kon God met hulle verbind het, want God is Gees. God kan nie verbind met die vlees nie.

Dit is waarom ons **wedergebore** moet word. Ons moet ingroei en opgroei, sodat ons op 'n stadium kan kom waar God met Sy Gees deur ons kan funksioneer, sodat ander ook hierdie evangelie kan hoor. Dit bly altyd my en jou keuse. Die groot probleem is dat mense so graag hulle eie raadsplanne, idees, metodes en sieninge wil volg. Die "ek" moet sterf.

- Al wat moet oorbly, is net die kanaal waardeur God kan werk en waardeur Hy Homself kan openbaar.

**3de TEMPEL**

Die Derde Tempel is besig om op te staan. Mense kyk so na die tempel in Jerusalem, maar dit is nie waarvan die Bybel praat nie. Ja, die Jode gaan dit bou, maar die werklike tempel is Sy liggaam wat nou moet opstaan.

Sy liggaam moet die getuienis dra van die opstanding en van die lewe wat in Christus is (Rom. 8). Ons kan nie dood voortbring nie. Ons moet lewe en oorwinning voortbring.

Dit is altyd vir my 'n eer om mense te bedien met die Woord.

- My gebed vandag is dat hierdie leringe, wat nou uitgegee is rondom Wysheid, in jou lewe en in jou grondgebied ontvang sal word.
- My gebed is dat dit sal opgroei tot groot bome en dat jy een van daardie bome sal word, ***wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.***

Jy is een van daardie bome

- omdat jy in die wil van God is,
- omdat die Heilige Gees deur jou werk,
- omdat jy onder die krag van die Heilige Gees kan funksioneer, met dit wat God vir jou gegee het, hier op aarde.

Mag die Here elke oor seën wat hoor wat die Gees van God in die gemeente sê.
Mag dit met julle goed gaan en mag die Here se rykste seëninge op julle lewe wees.
Mooi dag verder en laat dit goed gaan.

-o0o-

**Skrifaanhalings in hierdie lesing**

**Deuteronómium 28:1** As jy dan goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal die HERE jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde.

Deu 28:2 En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die HERE jou God.

Deu 28:3 Geseënd sal jy wees in die stad, en geseënd sal jy wees in die veld.

Deu 28:4 Geseënd sal wees die vrug van jou liggaam en die vrugte van jou land en die vrug van jou vee, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee.

Deu 28:5 Geseënd sal wees jou mandjie en jou bakskottel.

Deu 28:6 Geseënd sal jy wees by jou ingang, en geseënd sal jy wees by jou uitgang.

Deu 28:7 Die HERE sal maak dat jou vyande wat teen jou opstaan, voor jou verslaan word; op een pad sal hulle teen jou uittrek en op sewe paaie voor jou uit vlug.

Deu 28:8 Die HERE sal die seën oor jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan; en Hy sal jou seën in die land wat die HERE jou God jou sal gee.

Deu 28:9 Die HERE sal jou vir Hom as heilige volk bevestig soos Hy jou dit gesweer het, as jy die gebooie van die HERE jou God hou en in sy weë wandel.

Deu 28:10 En al die volke van die aarde sal sien dat die Naam van die HERE oor jou uitgeroep is, en hulle sal vir jou vrees.

Deu 28:11 En die HERE sal die goeie aan jou oorvloedig gee in die vrug van jou liggaam en in die vrug van jou vee en in die vrugte van jou land, in die land wat die HERE aan jou vaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee.

Deu 28:12 Die HERE sal sy goeie skatkamer, die hemel, vir jou oopmaak om die reën van jou land op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën; en jy sal aan baie nasies uitleen, maar self nie hoef te leen nie.

Deu 28:13 En die HERE sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie as jy luister na die gebooie van die HERE jou God wat ek jou vandag beveel om te hou en te doen,

Deu 28:14 en jy nie regs of links afwyk van al die woorde wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop om hulle te dien nie.

* * *

**Jesaja 52:11** Vertrek, vertrek, gaan weg daarvandaan, raak nie aan wat onrein is nie; gaan uit hulle midde uit, reinig julle, draers van die heilige voorwerpe van die HERE!

**Matthéüs 28:19** Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

**Genesis 3:8** En hulle het die stem van die HERE God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie

**Romeine 8:8** En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie;
Rom 8:9 julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie.
Rom 8:10 Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid.
Rom 8:11 En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.

-o0o-